

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE FEESTYE VAN YHVH

LES 9: DIE DERDE FEESSEISOEN: DIE FEES VAN TABERNAKELS (SUKKOT)

Inhoud Van Les 9

- ❖ Inleiding
- ❖ Bou 'n Tabernakel ('n *Sukkah*)!
- ❖ Die Fees In Tempeltyd
- ❖ Die Simboliek Van Die Etrog En Die Lulav
- ❖ YHVH Se Voltooide Reddingsplan
- ❖ Wenke Hoe Om *Sukkot* Te Gedenk
- ❖ Bepeins of Bespreek Die Volgende

INLEIDING

1. Die laaste van die sewe jaarlikse afspraak (Bestemde Tye, Feeste) wat YHVH met die mens het, is die Fees van Tabernakels wat oor sewe dae strek. Hierdie fees staan ook bekend as die Huttefees, Loofhuttefees en *Sukkot*, maar daar word ook na dit verwys as *Die Seisoen van Vreugde (Zeman Shimgateinu)*. Dit word so genoem omrede die dae van verootmoediging en terugkeer, bekend as *Teshuvah*, op *Yom Kippur* (Dag van Versoening / Toedekking) geëindig het en vergifnis en versoening met YHVH plaasgevind het. Die erns van *Teshuvah*, *Yom Teruah* (die Fees van Shofar) en *Yom Kippur* is nou verby en die vreugde van *Sukkot* (Fees van Tabernakels) het aangebreek. In kontras met die somberheid en verootmoediging van die Dag van Versoening is *Sukkot* 'n fees van vrolikheid en dankbaarheid.
2. Die jaarlikse siklus van YHVH se Bestemde Tye word egter afgesluit met 'n samekoms bekend as die Agste Dag (*Shemini Atzeret*) en die vreugde in Torah (*Simchat Torah*) wat in Les 10 bespreek sal word.

3. *Sukkot* is in Israel ook 'n dankseggingsfees vir die laaste van die oes wat ingesamel word. Daarom word dit ook die Fees van die Insameling genoem (Eks. 23:16; Eks. 34:22; Deut. 16:13). Dit word ook gedenk met vertroue en verwagting vir die goedheid van YHVH wat in die nuwe landbouseisoen sal kom.
4. Sommige Jode beskou *Sukkot* as 'n *gelukwensingspartytjie* wat gehou word vir dié wat 'n lang geestelike reis voltooi het. Hierdie reis het begin met die bevryding van die slawejuk in Egipte (Pesag) wat gevolg is met die ontvangs van die wet, naamlik Torah (Pinkster, *Shavuot*) en daarna die swerftog in die woestyn (*Sukkot*) wat eindig met die aankoms in die beloofde land.
5. Soos aan die begin van hierdie studie genoem is, leef ons in die seisoen waar profesie oor eindtydgebeure voor ons oë bewaarheid word. Die laaste drie Bestemde Tye in YHVH se jaarlikse siklus van sewe feeste is heenwysings en afbeeldings wat deel uitmaak van hierdie eindtydgebeure. Hierdie laaste drie afsprake is ook 'n herinnering aan, en heenwysing na die wederkoms van ons Messias wat sal bestaan uit 'n geestelike ontwaking en die wegraping (*Yom Teruah*), die versoening van die hele huis van Israel en die oordeel van die aarde en die mensdom (*Yom Kippur*) en, laastens, die Messias Koninkryk (Millennium) en ewige rus wat sal volg (*Sukkot*). Die eerste vier feeste is reeds op hulle bestemde tye in Yeshua Messias vervul en daarom weet ons met sekerheid dat die laaste drie ook volgens YHVH se tydplan vervul sal word.
6. Al sewe die Bestemde Tye is 'n afbeelding van YHVH se omgeplan vir die mensdom en is juis aan die mens gegee met die doel om Yeshua as die Messias te openbaar. Dit openbaar YHVH se verlossingsplan vir die mens en daarom sal die einde deur die begin bekend gemaak word (Jes. 46:10) – *...wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen;*
7. Daarom is dit noodsaaklik dat gelowiges in Yeshua die profetiese betekenis van die laaste drie Bestemde Tye (afsprake, feeste), naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah*), die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels (Huttefees, *Sukkot*), moet verstaan.
 - 7.1. Om steeds YHVH se feestye te gedenk op 'n wyse wat ons herinner aan dit wat Yeshua reeds profeties vervul het, en met 'n verwagting van wat Hy nog profeties gaan vervul, is nie werke van die wet nie (nie wettiesheid nie), maar gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies. Dit het die belofte van 'n geseënde ontmoeting volgens YHVH se afspraak met sy kinders. Dit is om gereed, en ingelig, te wees vir YHVH ons Vader se laaste deel van Sy plan vir die mensdom. Ons gedenk dit met liefde, verwagting en verlange!!
 - 7.2. Die Vader se Bestemde Tye is ook 'n afbeelding van die gelowige in Yeshua Messias se aardse reis na die *beloofde land*. Hierdie is 'n reis waar ons wel van die slawejuk van sonde (Egipte) bevry is, maar waar ons op verskillende wyses in die "wildernes" van

ons aardse lewe getoets gaan word. Soos die eindtydgebeure in intensiteit toeneem, kan ons ook te wagte wees om soos Israel van ouds vasgevang te wees tussen die rooisee van probleme voor ons en "Egipte" wat ons agtervolg. Ons vertrou in YHWH se reddende genade en voorsiening in die laaste dae sal tot die uiterste getoets word. Dit sal 'n toets wees of ons as geregverdigdes uit die geloof sal lewe (Rom. 1:17). Dit sal 'n tydperk wees waar ons ook die betekenis van om *ons self te verneder deur gehoorsaam te word tot die dood* (Fil. 2:8) sal moet leer, alvorens YHWH ons "finaal" sal verlos.

8. Vir ons as gelowiges in Messias Yeshua is *Sukkot* die profetiese heenwysing na die Duisendjaar Vrederyk, ook bekend as die Millennium en Messias Koninkryk, en wat na *Yom Kippur* (Dag van Versoening) sal begin. Dit is 'n heenwysing na die tydperk waar Messias as Koning en Priester hier op aarde sal regeer.

9. Ons lees in Lev. 23:33 tot 35 en 39 tot 43 die volgende:

En YHWH het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir YHWH. Op die eerste dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Sewe dae lank moet julle aan YHWH 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees, en julle moet aan YHWH 'n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie.

Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van YHWH sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die YHWH julle God vrolik wees. En julle moet dit as fees van YHWH sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is YHWH julle God.

10. Die Fees van Tabernakels begin op die 15 dag van die sewende maand (Volgens die Joodse burgerlike kalender die maand Tishri) en duur vir sewe dae tot die 21 Tishri . Die eerste dag van die fees is 'n afgesonderde (heilige) vierdag (*miqra'ot*) en word dus soos 'n Shabbat gedenk. Soos reeds genoem is die agste dag ook 'n afgesonderde vierdag (Shabbat) (Lev. 23:36b en 39b), maar word om redes wat in Les 10 bespreek sal word, in 'n sekere sin afsonderlik gedenk.
11. Die sewe dae van verblyf in hutte (tydelike skuilings) is 'n herinnering aan Israel se swerftog in die woestyn nadat hulle van die slawejuk van Egipte bevry was. Dit is ook 'n herinnering van die verwagting en verlange na die beloofde land Kanaän – die land van melk en heuning.

12. As gelowiges in Yeshua is ons bevry van die slawejuk van sonde en gedenk ons dit by wyse van Pesag. Ons het die belofte van die Afgesonderde (Heilige) Gees ontvang en gedenk dit by wyse van *Shavuot* (Pinkster). Ons is egter ook op 'n "swerftog", maar met die wete dat die *beloofte land*, naamlik YHVH se ewige rus en die nuwe hemel en aarde vir ons wag (*Sukkot*).

BOU 'N TABERNAKEL ('N SUKKAH)!

1. Volgens Lev. 23:33 tot 35 en 39 tot 43 moet daar vir die sewe dae van hierdie fees in hutte gewoon word. In Nehemia 8:15 tot 17 lees ons dat hierdie hutte gebou moet word met olyftakke en oliewenhouttakke en mirtetakke en palmtakke en takke van digte bome:

Toe vind hulle uit dat in die wet wat YHVH deur die diens van Moses beveel het, geskrywe was dat die kinders van Israel op die fees in die sewende maand in hutte moes woon, en dat hulle moes afkondig en rondstuur deur al hulle stede en in Jerusalem om te sê: Trek uit op die gebergte en bring olyftakke en oliewenhouttakke en mirtetakke en palmtakke en takke van digte bome om hutte te maak soos geskrywe is. En die volk het uitgetrek en dit gebring en vir hulle hutte gemaak, elkeen op sy dak en op hulle erwe en in die voorhowe van die huis van God en op die plein van die Waterpoort en op die plein van die Efraimspoort.

2. Daar bestaan meningsverskil oor die presiese plantspesies waarna verwys word. Algemeen word egter aanvaar dat dit na die volgende plante verwys: Sitrus (bekend as *etrog* en verwant aan die suurlemoenspesies); palm; wilger en mirtbessie (bloubessie of *myrtle*).
3. Gedurende hierdie fees bou Jode 'n skuiling ('n *sukkah*) deur ondermeer van die takke van bogenoemde plante gebruik te maak. Omrede die Tanakh (Ou Testament) egter nie duidelike voorskrifte gee oor hoe die skuiling gebou moet word nie, het elkeen 'n groot mate van vrye keuse.
4. Die Hebreeuse woord *sukkah* (*Sukkot* – *meervoud*) beteken *hut* of *skuiling* wat *geweef* word en die Hebreeus vir *tabernakel* is *mishkan* wat *tent van ontmoeting* beteken. Omrede die tabernakel 'n tydelike gebou was, word die Hebreeuse woord *sukkah* as tabernakel vertaal. Daarom word hierdie die Fees van Tabernakels of die Huttefees genoem.
5. Die aardse tabernakel (*mishkan*) kan ook gesien word as YHVH se *sukkah*, want dit was die Almagtige se tydelike woning hier op aarde. Net so is ons liggame ook 'n *sukkah*, naamlik 'n tydelike aardse woning vir YHVH: *Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie* (1 Kor. 3:16)? Daarom behoort ons nie aan onself nie, maar aan YHVH (1 Kor. 6:19). Ons bou ook vir YHVH, ons Vader, 'n *sukkah* waar Hy deur Sy Afgesonderde (Heilige) Gees in ons kan woon wanneer ons, ons *liggame stel as 'n lewende, heilige (afgesonderde) en aan God welgevallige offer* (Rom. 12:1). Die Fees van Tabernakels is ook 'n herinnering hiervan.
6. Ons word ook daaraan herinner dat Yeshua Messias vlees geword het en onder ons kom tabernakel (woon) het (Joh. 1:14). In dié opsig is hierdie

bestemde afspraak met YHVH 'n herinnering van die gedeeltelike vervulling van hierdie belofte, maar ook van die belofte dat Yeshua weer sal kom om vir ewig onder ons te tabernakel.

7. Dit was vanaf die begin van die skepping YHVH se begeerte om midde in Sy skepping te woon. Daarom het YHVH tydelik in die tabernakel (Ex. 25:8), en later in die tempel, gewoon. Vandag is ons YHVH se heiligdom (1 Pet. 2:9) en woon Hy in ons. Ons is die Vader se *tent van ontmoeting* – *Sy mishkan*. Daarom moet ons hierdie tent bou en versorg volgens YHVH se onderrig en instruksies, want alleenlik dan is dit 'n geskikte woonplek.
8. Is hierdie nie rede genoeg om fees te vier nie? YHVH die Almagtige, ons Vader, is bereid om in hierdie liggaam van jou en my te woon!! Al wat Hy vra is dat ons die genade voorsiening van vergifnis van sonde deur die folterdood van Messias Yeshua aanvaar. Dit, en die hartsbegeerte en bereidwilligheid om volgens Sy onderrig en instruksies daagliks te lewe, maak van ons liggame Sy *sukkah* (tabernakel).

Yeshua antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. Joh 14:23

9. Dan word Joh. 1:14 in ons lewens vervul, naamlik: *En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.*

DIE FEES IN TEMPELTYD

1. Die Hebreeuse kultuur is ryk aan simbolisme. So byvoorbeeld word geglo dat die vier plantspesies vir die bou van die *sukkah* ook verwys na dit wat elke feesganger in sy hande moet dra wanneer hulle YHVH loof en prys tydens hierdie fees. Hiervolgens het die gebruik ontstaan om die *etrog* bestaande uit 'n sitrustakkie (suurlemoen) in die linkerhand te dra en die *lulav* bestaande uit 'n palmtak, 'n mirtbessietak en 'n wilgetak in die regterhand.
2. In die huidige viering van *Sukkot* word die vier plantspesies daagliks met die *Hallel*-gebed (lofprysingsgebed van Psalm 113 tot 118) gewuif, asook wanneer daar om die *bimah* (die kateder waarop die Torah geplaas en gelees word) geloop word. In sommige Joodse gemeenskappe is dit gebruik dat daar om die sinagoge geloop word. Tydens die *Hallel*-gebed word die refrein *Hosha nah* (red ons) gereeld gesê. Op die laaste dag van die fees word daar sewe keer om die *bimah* geloop en daarom staan hierdie dag bekend as *Hoshanah Rabbah* (die Groot Hosanna).
3. Deel van die daaglikse offerhande seremonie tydens *Sukkot* was dat 'n priester water gaan haal het uit die bad van Siloám. Hierdie water tesame met die wyn van die drankoffer is aan die voet van die brandofferaltaar uitgegiet. Die water was beskou as simbolies van die Messias en van die Afsonderde (Heilige) Gees wat sou kom en word in verband gebring met Jes. 12:3 tot 6:

En julle sal water skep met vreugde uit die fontein van heil. En julle sal in dié dag sê: Dank YHVH, roep sy Naam aan, maak sy daad onder die volke bekend, verkondig dat sy Naam hoog is! Psalmsing tot eer van YHVH, want Hy het heerlike dinge gedoen; laat dit bekend wees op die hele aarde. Juig en jubel, o inwoners van Sion! Want die Heilige (Afgesonderde Een) van Israel is groot in julle midde.

4. In die Talmud word die volgende woorde in Sukkah 51 gevind: *He who has not the rejoicing at the place of the water-drawing has never seen rejoicing in his life.* Hierdie beskrywing kan vergelyk word met die vreugde-ervaring van wedergeboorte en vulling met die Gees. Slegs die persoon wat drink van die Lewende Water, Yeshua, sal die ervaring beleef van strome van lewende waters wat uit sy binneste vloei (Joh. 7:38). Let op dat selfs Judaïsme hierdie hernieuwde verbond ervaring beskryf.
5. Sodra die wyn en die water uitgegiet is, het die feesgangers onder musiekbegeleiding Psalm 113 tot 118 gesing. Telkens wanneer verse 1, 26 en 29 van Psalm 118 gesing word, het die skare hulle *lulav* geskud terwyl hulle dit in die rigting van die altaar wys. In vers 26 is geskryf: *Geseënd is hy wat kom in die Naam van YHVH!* Die water en wyn seremonie was beskou as een van die belangrikste seremonies van die Fees van Tabernakels, aangesien dit die verlange na die koms van die Messias weerspieël het.
6. In die lig van bogenoemde kry die intog van Yeshua in Jerusalem nuwe betekenis (Matt. 21:8 en 9). Hierdie mense het Hom herken as die Messias wat gekom het.

En die grootste deel van die skare het hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takke van die bome afgekap en op die pad gestrooi. En die skare wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van YHVH! Hosanna in die hoogste hemele!

7. In Joh. 7:37 lees ons van die laaste dag van *Sukkot* bekend as die groot dag van die fees (Die Groot Hosanna). Op hierdie dag is daar die laaste keer water by die bad van Siloám gehaal en aan die voet van die altaar uitgegiet. Daarna is daar sewe keer om die altaar geloop en telkens het 'n Hosanna weerklink. Dit was op dié stadium dat Yeshua uitgeroep het: *As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!* Op dié wyse het Hy bevestig dat Hy die Messias is. Elkeen wat in Hom glo sal soos die bad van Siloám wees waaruit strome van lewende water voortdurend sal vloei (Joh. 4:10; Joh. 7:38; Jer. 2:13).
8. Aan die einde van die eerste dag van die fees is vier groot lampe in die gedeelte van die tempel bekend as die Voorhof van die Vroue aangesteek. Die simboliek hiervan was net so belangrik as die van die water uit die bad van Siloám. Die lig was simbolies van die lig (die Messias) waarna in Jes. 9:1 en Jes. 60:1 tot 3 verwys word en was ook 'n afbeelding van die glansryke heerlijkheid (shekinag) van YHVH wat voorheen in die tempel gemanifesteer het. In alle waarskynlik het Yeshua na hierdie gedeelte van die seremonie verwys toe Hy volgens Joh. 8:12 verklaar het dat Hy die Lig van die wêreld is.

DIE SIMBOLIEK VAN DIE ETROG EN DIE LULAV

Die verskillende simboliese betekenis van die vier plantspesies van die *etrog* en die *lulav* kan ondermeer soos volg verduidelik word:

1. Die *etrog* is `n herinnering aan die vrugbaarheid van die land wat YHVH aan Israel gegee het, terwyl die *lulav* `n herinnering is aan die verblyf in die woestyn – die palms van die woestyn vlaktes, die digte bome (mirtbessietak) van die bosse van die gebergtes en die wilgers van die waterbronne.
2. Die vier plantspesies verteenwoordig verskillende liggaamsdele van die mens, naamlik die palmtak die ruggraat (opregtheid), die mirtbessietak die oog (die venster na ons verstand / siel), die wilger die mond (gebede en lofprysing) en die *etrog* die hart (plek van begrip en wysheid). Al vier kan egter ook vir sonde gebruik word, maar moet eerder `n eenheid vorm om aan YHVH gehoorsaam te wees om wysheid te ontvang en om Hom met jou hele wese te loof en te prys.
3. Die vier plantspesies verteenwoordig ook die vier tipiese Jode, naamlik: die *etrog* het geur en smaak en verteenwoordig die Jood wat die Torah ken en die opdragte (*mitzvot*) onderhou (goeie werke doen). Die palm het geen geur, maar wel smaak en verteenwoordig die Jood wat die Torah ken, maar nie getrou is in die onderhouding van die *mitzvot* nie. Die mirtbessie het reuk, maar geen smaak nie en verteenwoordig die Jood wat nie die Torah ken nie, maar wel die *mitzvot* onderhou. Laastens het die wilger geen reuk of smaak nie en verteenwoordig die Jood wat nie die Torah ken of die *mitzvot* onderhou nie. Al vier kom egter tydens Sukkot saam, want almal is belangrik en deel van YHVH se volk.

YHVH SE VOLTOOIDE REDDINGSPLAN

1. Die getal sewe is prominent ten opsigte van die Fees van Tabernakels soos ondermeer uit die volgende blyk:
 - 1.1. Die fees word in die sewende maand gehou en duur vir sewe dae.
 - 1.2. Soos wat die sewende dag van die week, die Shabbat, die weeklikse siklus voltooi, so voltooi die sewende maand die jaarlikse landbousiklus en die siklus van YHVH se seisoene van Sy Bestemde Tye. Hierdie fees sal ook die voltooiing van die Vader se profetiese siklus van redding van die mens wees en van die herstel van die hemel en die aarde.
 - 1.3. Al die offerhandes is `n veelvoud van sewe. Gedurende hierdie sewe dae is 70 (10x7) bulle, 14 (7x2) ramme en 98 (7x 14) lammers geoffer. Dit is altesaam 182 (7x26) offerdiere (Num. 29:12 tot 34). Die getal sewe dui volmaaktheid en voltooidheid aan. Hierdie fees is daarom `n afbeelding van YHVH ons Vader se volmaakte plan soos in Yeshua Messias volbring is en volbring sal word.

2. Yeshuais die Lam van God en is die volmaakte offer. Hy is YHVH ons God en Vader se omgeeplan. *Sukkot* is die profetiese heenwysing na die volmaaktheid en voltooiing van YHVH se reddingsplan vir die mensdom en die herstel van die aarde. Hierdie ewige rus begin met die Duisendjaar Vrederyk, ook bekend as die Millennium (Messias Koninkryk), waar Yeshua as die Leeu van Juda sal regeer. *Sukkot* herinner ons daaraan. Die finale siele-oes sal dan ingesamel wees. Die Fees van die Eerstelinge kan beskou word as die eerste van YHVH se siele-oes en *Sukkot* as die laaste van die oes wat ingesamel word. Tot dan moet ons lewende stene wees wat gebruik word in die bou van 'n geestelike huis en 'n afgesonderde priesterdom wat geestelike offers bring wat aan ons Vader welgevallig is deur Yeshua ons Messias (1 Pet. 2:5).
3. *Sukkot* is ook 'n heenwysing na daardie dag wat YHVH se plan met Israel voltooi sal word en die hele Israel (beide huise) met YHVH versoen sal wees. Hierdie plan het begin met die roeping van Abraham en die verbond wat YHVH met hom en later met Israel gesluit het. Elke besnedene (Jood) en onbesnedene (nie-Jood) wat Yeshua as Verlosser aangeneem het, sal hierdie fees saam met Hom vier. Die natuurlike en ingeplante olyftakke wat uit dieselfde wortelstelsel en stam gevoed word, sal saam feesvier (Rom. 11:16 tot 24). YHVH se reddingsplan het met Israel begin en sal met Israel eindig. Volgens die profesie in Sag. 14:16 tot 21 sal ons gedurende die Duisendjaar Vrederyk elke jaar die Fees van Tabernakels in Jerusalem vier.

En Yahweh van die leërskare sal op hierdie berg vir al die volke berei 'n maaltyd van vetspyse, 'n maaltyd van ou wyn, van vetspyse vol murg, van gesuiwerde ou wyn. En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is. Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Meester Yahweh sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die oneer van sy volk van die hele aarde af wegneem; want Yahweh het dit gesê. Jes. 25:6 tot 8 (Woord en Getuienis).

4. Die Fees van Tabernakels is ook 'n afbeelding van ons geestelike tog deur die woestyn op pad na die *beloofde land* – die Millennium van die Messias Koninkryk. Tydens hulle woestyntog het YHVH op 'n bonatuurlike wyse aan al Israel se behoeftes voorsien – manna vir voedsel (Eks. 16:4 tot 16); die wolk vir beskerming (Eks. 40:35 tot 38); water om te drink (Eks. 15:22 tot 25; Eks. 17:5 tot 7; Num. 20:7 tot 12); voorsiening in klere en skoene (Deut. 29:5). Net so sal YHVH ook op 'n bonatuurlike wyse tydens ons aardse wandel in al ons behoeftes voorsien (Fil. 4:9) terwyl ons op pad is na die belofte van die ewigheid saam met Vader en Yeshua ons Messias.
5. Hierdie fees dien as 'n herinnering aan die veertig jaar wat die Israeliete *tydelik* in die woestyn geleef het en waartydens YHVH in al hulle behoeftes voorsien het. Dit dien dus ook as 'n herinnering aan die tydelikheid van ons lewe hier op aarde in 'n sterflike liggaam:

Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van Elohiem, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele. Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemele oorklee te word, as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie. Want ons wat nog in die tent is, sug en voel beswaard, omdat ons liever nie

ontklee nie, maar oorklee wil word, sodat die sterflike deur die lewe verslind kan word. 5 Maar Hy wat ons juis hiervoor voorberei het, is Elohiem, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het. Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Meester uitwoon. 2 Kor. 5:1 tot 6 (Woord en Getuienis)

6. Hierdie fees dien dus ook as `n herinnering om nie geheg te raak aan aardse dinge nie, al seën ons Hemelse Vader ons oorvloedig (Deut. 8:17 en 18). Dit dien as `n herinnering dat alles wat ons besit en wat ons bereik het, slegs genadegawes uit die hand van ons Vader is. Die prioriteit moet daagliks die soeke na YHWH se koninkryk en sy geregtigheid bly (Matt. 6:33).
7. Die Fees van Tabernakels is `n dankseggings geleentheid dat Yeshua reeds een keer gekom het, maar dit is ook `n geleentheid om opnuut ons verlange na daardie dag wat ons saam met die Koning van konings hierdie fees sal vier, teenoor ons Vader bekend te maak. Elke gelowige se geestelike tog sal eindig met die viering van die Huttefees saam met Yeshua. Dit sal vir elkeen `n nuwe begin wees soos deur die byeenkoms op die Agste Dag uitgebeeld word.

WENKE HOE OM SUKKOT TE GEDENK

1. Volgens oorlewering begin die bou van `n *sukkah* (tydelike hut of skuiling) op die dag na die Versoendag (*Yom Kippur*). Hierdie kan `n gesinsprojek wees wat ouers die geleentheid bied om die kindes te betrek en ook onderrig te gee aangaande die betekenis van hierdie fees. Soos reeds genoem is daar geen duidelike voorskrifte oor hoe en met wat die skuiling gebou moet word nie, en daarom word dit oorgelaat aan eie vindingrykheid. Versiering van die *sukkah* is ook grootliks eie keuse en kan vrugte, groente, matte, papierversierings, ens. wees. Volgens oorlewering word die dak so gebou dat die sterrehemel deur die dak gesien kan word. Dit moet skaduwee gedurende die dag bied, maar moet nie aan die binnekant donker wees nie. Gedurende die fees sal sommige Jode in hierdie skuiling bly, terwyl ander slegs hulle aandete daarin sal eet. Sommige sal selfs `n tent vir die doel gebruik.
2. Diegene wat al vir sewe nagte in `n *sukkah* geslaap het, sal gou vertel dat jy na die eerste nag groot waardering vir die gerief van jou huis kry, maar ook leer dat aardse dinge nie verruil kan word vir die teenwoordigheid van die Vader gedurende hierdie tydperk in `n tydelike woning nie. Daar is verskeie geestelike lesse om te leer wanneer daar vir sewe dae in `n *sukkah* gebly word.
3. Lees en bespreek al die Skrifte wat betrekking op Sukkot het. Plaas veral die klem op die betekenis daarvan vir die gelowiges in Yeshua Messias.
4. Die eerste dag van hierdie fees is ook `n Shabbat en daarom word hierdie dag soos enige weeklikse Shabbat begin.
5. Die eerste maaltyd van Sukkot is dan ook `n feesmaal. Vrugte en vrugtegeregte, asook suiwel, vorm die belangrikste gedeelte van elke

maaltyd. Die rede is ter herinnering aan die belofte van die land van melk en heuning, maar ook omrede die laaste oes van die landboujaar vrugte is.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE:

1. YHVH het vir ons sewe Bestemde Tye (Feeste) gegee as ewige insettinge. Sewe is die getal van volmaaktheid en voltooidheid. Indien ons enige van hierdie feeste wegneem, of ander byvoeg, is die Afsprake van YHVH ons God en Vader met ons nie meer voltooid en volledig nie!! Mag ons besluit watter feeste ons wil en nie wil gedenk nie, veral gesien in die lig van Open.22:19?
2. Lees Sag. 14:16 tot 21. Hierdie is bevestiging dat die Feestye van YHVH 'n ewige insetting is. Alle volke sal gedurende die Millenium die Fees van Tabernakels vier. Hoekom gedenk die "kerk" dan nie nou steeds die Huttefees nie? Laat hierdie fees ook vir jou 'n kleedrepitiese wees!!! Vier dit met vreugde en dankbaarheid!!
3. Ons lees in Lev. 23:42: *Sewe dae lank moet julle in hutte woon; **almal wat in Israel gebore is**, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het.* Hoekom vier ons wat nie in Israel gebore is nie dan ook hierdie fees?

Nota: Ons wil met vrymoedigheid aanbeveel om die boek van Gerrie Coetzee, *Feeste van die Verbond en God van die Verbond* te lees. Hierdie is as gedrukte boek verkrygbaar by Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com of kan afgelaai word by <http://www.padwlewe.ch>

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.